SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

Volume 6
Uitgawe 4
Julie 2015

Nuus

IN DIE UITGAWE:

P.1 SIZA Data Platform
P.2 SIZA Sosiale Media

SIZA NEEM LEIDING MET DIE ONTWIKKELING VAN 'N EIE DATA PLATFORM

SIZA het in Desember 2014 begin met die ontwikkeling van 'n eie Data Platform. Tot op datum is waardevolle vordering met die SIZA Data Platform gemaak. Nuwe lede kan reeds vanaf April 2015 registreer op die nuwe SIZA Data Platform. Die algemene terugvoer van gebruikers is baie positief en min klagtes is ontvang. Alle suksesvolle geregistreerde en betaalde lede kan ook die Self-Assesserings Vraelys (SAQ) aan- en aflyn voltooi en by SIZA indien om nagegaan te word. Goedgekeurde Self-Assesserings Vraelyste is beskikbaar vir lede om gedurende oudits gebruik te word en lede-profiele kan ook opgedateer word.

Die ontwikkeling van die Data Platform – Die span is in die finale stadium van ontwikkeling. Die doel is om die ontwikkeling einde Julie 2015 te voltooi en ouditliggame in die veld sal die eerste twee weke in Augustus gebruik om die Data Platform te toets. Fase twee van die ontwikkeling van die Data Platform, wat hoofsaaklik die ouditaansoek insluit, behoort middel Augustus gereed te wees om aanlyn sigbaar te wees.

Die invoer van data - Alle data vir geregistreerde SIZA lede is ook reeds toegevoer op die nuwe platform en lede sal binne die volgende week of twee 'n epos ontvang om hulle te verwelkom op die nuwe platform. Lede sal voorsien word van 'n gebruikersnaam en wagwoord om op die platform in te teken. Dit sal dan moontlik wees vir alle lede om hulle inligting op te dateer en te verander. SAQ's kan ook opgedateer en ingedien word by SIZA om nagegaan te word.

SIZA is trots op die ontwikkeling van die Data Platform wat weereens vir SIZA, met 'n eie Data Platform, 'n leier op die gebied van volhoubare etiese handelsprogramme maak deurdat hulle 'n omvattende diens bied vir die volle sirkel vanaf regsitrasie van lede tot die terugvoer van verskaffers.

Indien u enige klagtes of terugvoer oor die platform het, kontak asb vir Francois Brink (info@skyvines.co.za) of Mariessa Erasmus (info@siza.co.za)

Redaksie:
Konanani Liphadzi
Retha Louw
Algemene Navrae:
Retha Louw
retha@siza.co.za
www.siza.co.za
Klagtes/Registrasies/ SAQ's/Sedex:
Mariessa Erasmus
info@siza.co.za
Tel 0861 111 568

SIZA (SUSTAINABLE INITIATIVE OF SA) IS NOU OP FACEBOOK EN TWITTER!!

SIZA is op Facebook en Twitter!! U kan op hoogte bly oor die landboubedryf, die nuutste ontwikkelings, opleidingsinisiatiewe, arbeidswette, ens. deur slegs “like” of “follow” op die maatskappy se sosiale blaaie te kies. Die bladsye word gereeld opgedateer om te verseker dat ons u te alle tye op hoogte hou. Lewer kommentaar en deel ons bladsye met soveel rolspelers en kollegas op Facebook en Twitter as moontlik.

Druk op die skakel wat aandui “Like” of “Follow” om SIZA as een van u gunsteling bladsye te kies.

https://www.facebook.com/sizaprogramme

https://twitter.com/siza_programme

Indien u nuut op Facebook is: Gaan na die volgende webblad www.facebook.com of www.twitter.com en registreer uself. Dit is maklik en gratis. Wanneer u, u eie Facebook en Twitter bladsye opgestel het kan u net op die skakel wat ons aangedui het druk om by SIZA uit te kom.

Ons hoop u sal SIZA sosiale media bruikbaar en vol inligting vind en ons ontvang graag u kommentaar en insette in die verband.